April 2025 4/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein



Dit is volbring!

Waarom word ons stil?

Hoe lyk jou Goeie Vrydag?

Christus se opstanding bring jou in beweging!

Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

**April 2025**


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | **01** |
| Geestelike groei | **03** |
| Gemeente-gebeure | **15** |
| Kerkfinansies | **17** |
| Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe | **21** |
| Kinderhoekie | **22** |
| Briewekolom | **25** |
| Blokadvertensies | **28** |


## Gebed vir die maand

“Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemaal vervul word met die volheid van God.”

Efesiërs 3: 18 - 19



# Uit die Redakteur se Pen

Magda du Toit

**Lees Matteus 27:45-56, Markus 15:33-41, Lukas 23:44-49 en Johannes 19**

Wanneer iemand sterf, voel dit só finaal. Al verwag mens die afsterwe, het die werklike sterfgebeurtenis steeds 'n groot impak op ons lewens. Dit is iets wat ons nie kan verander nie. 'n Ander werklikheid wag. Vir die mense rondom die persoon wat gesterf het, gaan die lewe voortaan anders wees.

Net so was dit met Jesus Christus se dood aan die kruis. Sy dood het 'n groot impak op ons as mense. Dit het ons lewens verander.

Jesus se sesde, en laaste, woorde aan die kruis daar op Golgóta was: Tetelestai - Dit is volbring.

Ons lees in Joh. 19 dat Jesus, omdat Hy geweet het dat alles gebeur het soos dis moes, weer kon sê: “Ek is dors.” Die soldate het 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie na sy mond gebring en nadat Jesus daarvan geneem het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Daarna het Hy sy kop vooroor gebuig en gesterf.

**Dit is volbring.**

Deur sy dood het Christus die verbond van genade bekragtig toe hy gesê het: dit is volbring. Hy het sy lyding voltooi en die helse pyn van Godverlatenheid was nou verby. Hy het oor die Satan en die sonde getriomfeer en het die groot taak wat Hy as Verlosser moes doen, voltooi. Die taak wat die Vader aan Hom opgedra het, is afgehandel. Hy het die volle skuld betaal vir ons oortredinge en so die saak tussen God en ons as mense reggemaak.

Hy was van God verlate, maar het weer tot die gemeenskap met God teruggekeer. Hy is verenig met die Vader. Die Lam is geslag – die offer is volbring. Hy het versoening gebring.

Daarom kan ons vandag uit hierdie versoeningsdaad van Jesus leef. Ons is verlos. Hierdie laaste kruiswoorde van Jesus bring vreugde in die hemel, maar ook vir ons hier op aarde. Dit verander ons lewens. Dit bring 'n ander realiteit.

# Uit die Redakteur se Pen (vervolg)

Paulus kan dus daarom aan die gemeente in Korinte, en aan ons, in 2 Kor. 5 skryf: **"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus."**

En al probeer die duiwel nog steeds om hierdie verhouding tussen ons en God te breek, het ons die versekering dat Christus se offer ons reeds uit die duiwel se kloue gered het. Ons is gereinig. Hy het reeds ons skuld betaal. Ons kan voor God verskyn omdat ons deur Jesus Christus met ons Vader versoen is.

Tetelestai moet elke dag in ons ore weerklink. Daarin moet ons die oneindige liefde van ons Here Jesus Christus herken en die versekering hoor dat ons skuld versoen is, ons ongeregtigheid weggeneem is en dat die Ewige Lewe vir ons verwerf is.

Ons moet hoor dat niks ons meer van God se liefde kan skei nie. Ons kan oortuig wees dat geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping ons van die liefde van God kan skei nie (Rom. 8:38-39). Hierdie kruiswoorde: Dit is volbring, het verlossing na ons gebring.

Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

Of skakel die kerkkantoor by **079 162 3453.**

Skryf jou brief vir die briewekolom en sit dit binne die kollektesakkie tydens die erediens of gooi dit in die boksie by die kennisgewingbord.

Skrifgedeelte: Heb. 10:1-18
Fokus: Heb. 10:11-14, 17-19

# Woordoordenking: Volmaakte Offer

Brendan Vorster

Baie van dit wat ons in die brief van Hebreërs lees, het te doen met die Levitiese priesterskap teenoor die priesterskap van Jesus.

Die Leviete was verantwoordelik vir die tempeldiens. Eenmaal 'n jaar, op die Versoeningsdag, moes die hoëpriester 'n offer vir die sondes van die volk bring. Daar was egter ook ander priesters wat elke dag offers vir die vele sondes van die volk moes bring.

**"Jesus se offer ... is finaal ..."**

Die Hebreërskrywer toon aan hoe die offer wat Jesus gebring het anders is as die offers wat die Levitiese priesters moes bring (vgl. verse 11-14):

- Die offers wat die Levitiese priesters gebring het, kon nooit die sondes van die volk wegneem nie. Dit was net bedoel om na Christus heen te wys en 'n skadubeeld daarvan te wees. Jesus se offer neem al die sondes van sy kinders weg.

- Die priesters moes dag na dag staan en hulle diens verrig (hulle moes dus gereeld offers bring), maar Jesus bring net een offer en gaan sit aan sy Vader se regterhand.

Die verskil lê primêr in die **finaliteit** en **volmaaktheid** van Jesus se offer.

- Dit is finaal en geen offer hoef ooit weer gebring te word nie (v. 18).

- Hy maak sy kinders vir altyd volkome van sonde vry (v. 14).

Die skrywer haal Jeremia aan waar die Here sê:

**"Aan hulle sondes en hulle oortredings sal ek nooit meer dink nie."**

Meer direk vertaal:

**"Ek sal nooit in die verste toekoms weer hulle sondes teen hulle onthou nie."**


Dit is wat Jesus aan die kruis bereik het! En die opstanding is die bewys dat ons Vader daardie offer aanvaar het. **Glo jy dit? Troos dit jou wanneer die duiwel jou wil beskuldig?**

**Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5**

# Die Sewe Kruiswoorde

Corrie van Wyk

Rondom Paasfees dink ons weer aan die sewe kruiswoorde wat Jesus Christus in sy laaste ure aan die kruis gesê het. In die kruiswoorde vind ons die vervulling van God se offer. Sewe is die volheidsgetal van God en met sewe kruiswoorde hoor ons die volle omvang van Jesus se liefde vir ons.




## 1. Die bede om vergiffenis vir sondaars

"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Luk. 23:34

In hierdie kruiswoorde sien ons God se dreigende oordeel, maar ook die openbaring van die Seun se liefde oor sondaars. Hy hang daar om vir die sondeskuld van God se uitverkorenes te betaal.

## 2. Die skenk van vergiffenis aan 'n sondaar

"Ek verseker jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees." Luk. 23:43

Drie kruise op Golgota. Beeld van God se genadige verlossingswerk. Die Een in die middel, regverdig, sondeloos, Seun van God. Sy vonnis is die vonnis oor die mens wat God verwerp het. Die een sondaar is vrygespreek en die ander een is verlore. Vrygespreek net omdat hy Christus as Verlosser bely het.

## 3. Christus se liefdevolle versorging van sy moeder

"Daar is u seun. Daar is u moeder." Joh. 19:26-27

Weldra sou Christus die dieptes van die hel ingaan in Godverlatenheid, maar eers die laaste woord aan die kring naaste aan Hom, sy moeder en die dissipel vir wie Hy baie lief was, Johannes. Wat 'n voorreg het ons om ook deel te wees van God se groot huisgesin deur Jesus Christus! Hy self wys gelowiges op mekaar aan.

# Die Sewe Kruiswoorde (vervolg)

**4.Duisternis – God se oordeel**

"My God, my God, waarom het U my verlaat." Matt. 27:47

Duisternis – beeld van God se oordeel oor die sonde. Dit het donker geword oor Golgota. God het die sluier van die nag daaroorheen getrek. Ons hoogste Profeet verkondig die Wil van God aangaande ons verlossing. Toe God weer spreek: "Laat daar lig wees", verkondig die Seun wat Hy vir ons gely het. Godverlatenheid! Hy het die ewige dood ingegaan om ons wat in Hom glo, te kroon met die ewige lewe.

**"Dit is volbring! Hierdie kruiswoord is die aankondiging dat die Skrifte vervul is."**

**5.Sy dorsroep om vir ons strome water oop te breek**

"Ek is dors." Joh. 19:28

Die Seun van God wat waarlik God is en God gebly het, het ook waarlik mens geword net soos ons. Hy het sy liggaamslyding geopenbaar in sy dorsroep. Hoewel Hy geen sonde gehad of gedoen het nie, was Hy onderworpe aan die gevolge van die sonde.

**Getsémané – Gábbata – Golgota**
**Foltering, pyn, uitmergeling van liggaamskragte**

**6.Die oorwinningslied wat die wêreldgeskiedenis omvat**

"Dit is volbring." Joh. 19:30 (Tetelestai!)

Die Middelaar het Sy werk volbring! Christus het alles gedoen wat nodig was om die verloregaande skepping weer terug te bring na God die Skepper toe. Die sondeskuld van die mens is betaal en die mens is herstel in sy roeping voor God as profeet, priester en koning. Dit is volbring! Hierdie kruiswoord is die aankondiging dat die Skrifte vervul is.

**7.Vader, in U hande ...**

"Vader, in U hande gee ek my gees oor." Luk. 23:46

Die taak is afgehandel en die stryd is gestry. Die roeping is vervul. Die Middelaar het volbring. As dienskneg van God kan Hy sy lewe in die hande van sy Vader gee. Sy laaste woorde is 'n lewenswoord en geen sterwenswoord nie.

**Omdat Christus oorwin het; omdat Hyself dit verkondig het, weet ons nou dat ons dood ook net 'n deurgang is tot die ewige lewe. In ons sterwe kan ons ook ons oorwinningslied sing: "Here, U is my lewe. U sorg vir my." -Psalm. 16:5**

# Gebedsbediening: Dankbaar oor Jesus se offer

Carina Pyper

Jesus is gebore, Hy het mens geword. Sy menswording, sterwe en opstanding vorm die kern van ons geloof. Sy kruisiging en opstanding is dié wonderlike, ingrypende geskiedenis wat vir ons lewe beteken. Dit is dié deel van ons geloof waarvan ons heeltemal seker moet wees dat ons dit reg verstaan.

Daar was drie groot vereistes vir Jesus se middelaarskap tussen God en die mens **(Heb. 10:5-10, Rom. 6, 1 Kor. 15).** Nadat Hy aan al drie vereistes voldoen het, het Hy na sy Vader in die hemel teruggekeer om vir ons voorspraak by Hom te doen en die Heilige Gees te stuur om ons te bewaar tot met sy terugkoms **(1 Joh. 2:1).**

Ons bid daarom hierdie maand saam uit dankbaarheid:

Met danksegging en smeking bid ons vir 'n toename van liefde en geloof in ons gemeente, in Christus Jesus en vir ons medegelowiges. Ons bid dat U ons geestes-oë so sal verhelder dat ons kan weet watter hoop U roeping vir ons inhou, watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot U krag is wat U uitoefen in ons wat glo.

Mag ons verstaan dat dit dieselfde kragtige werking van U mag is wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan U regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom **(Ef. 1:15-23).**

*Amen*


**Psalm 103:1-4**
**Loof die Here, o my siel, ja, alles wat in my is, sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en moenie enige van sy weldade vergeet nie – Hy wat al jou sondeskuld vergewe, wat al jou siektes genees, wat jou lewe vrykoop van die graf, jou kroon met troue liefde en ontferming.**
**AMEN**

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Stille-week: ’n tyd om te reflekteer!

Ds. Pieter Kurpershoek



Wanneer jy hierdie artikel lees, het **Stille Week 2025**, die hoogtepunt van ons kerklike jaar, al begin.

Palmsondag en die eerste aandoordenkings is verby. Op ’n vars manier fokus ons op Jesus se laaste treë vir ons. So kry ons die geleentheid om saam te reflekteer oor ons Here Jesus en sy pad van swaarkry en selfopoffering, sy kruispad tot in die dood, maar ook sy heerlike opstaan-uit-die-dood! **Hy het gesterf én Hy lewe ... vir jou en my!**

Daarom is ons tema hierdie week:

**JY. EK. Die Gekruisigde Jesus!**

Wanneer jy en ek in hierdie week oor ons Here Jesus Christus nadink en voor Hom staan, kan ons nie onaangeraak bly nie. Géén mens kan net by Jesus wegstap nie. Óf jy stap van Hom wat die Lewe is, weg en jy stap die doodslewe verder in, óf jy stap jou lewenspad verder agter Hom aan, agter Hom wat met sy oorwinning oor die dood nuwe lewe gee!


Daarom die vraag hierdie week:

**Wie is die gekruisigde Jesus vir JOU, vir MY?**

Saam met elke oordenking en erediens vier ons Donderdagaand Nagmaal. Die aand voordat Jesus gekruisig is, het Hy ook saam met sy dissipels aan tafel gesit. Hulle het die Paasmaaltyd gevier, God se verlossingswerk eeue terug in Egipte onthou! Tydens hierdie onthou-maaltyd staan Jesus op, neem brood en later ook die beker van danksegging en sê: Van nou af onthou julle MY! Ja, die Here se grootste verlossingswerk is van nou af My werk aan die kruis en vanuit die graf!

As jy die Paasnaweek familie by jou het, kinders of vriende wat kom kuier: Laat weet net jou ouderling dat hulle graag saam wil kom Nagmaal vier en kom beleef sáám die diepe genade van ons gekruisigde Here Jesus Christus!

Mag ons Here Stille Week 2025 gebruik om jou lewe saam met ons Here Jesus nog meer te verdiep!



# Berou bring genesing

Magda du Toit

Ons leer by Petrus ...

In die Bybel lees ons van mense wat oorhaastig, uit woede of jaloesie opgetree het. Ons lees van Petrus – die dissipel met die impulsiewe geaardheid wat praat en optree voor hy dink. Ons kan met hom identifiseer. Hy was soos ons is.

In die tuin van Getsemane toe die soldate Jesus in hegtenis wou neem, was Petrus die een wat toegelaat het dat sy humeur die oorhand kry en wat sy swaard uitgepluk het. Daarna het hy saam met ander dissipels weggehardloop omdat hulle bang was. Hy was egter ook bekommerd oor Jesus en wou sien wat verder gebeur. Hy het die prosessie op 'n afstand gevolg.

Wanneer hy later herken word, begeef sy moed hom. Hy verloën vir Jesus. Die haan kraai. Jesus draai om en kyk reguit na Petrus. Petrus word figuurlik met sy hand in die koekieblik betrap. Hy dink aan wat Jesus net 'n paar uur vroeër gesê het en onthou hoe hewig hy reageer het. Petrus besef wat hy gedoen het en het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

Hoe kon Petrus, wat so seker en uitgesproke was oor sy geloof, die Here verloën?

**"... is om berou te toon en dan moeite te doen om sake reg te stel."**

Petrus se ondervinding wys dat selfs iemand wat sterk voel oor sy geloof en toegewy is aan God, sy balans kan verloor. Net soos ons. Ons kan die beste voornemens hê en tog is daar tye wat ons faal.

Wat belangrik is, is om berou te toon en dan moeite te doen om sake reg te stel. Jy moet erken wat jy verkeerd gedoen het, al is dit hoe moeilik.

Wanneer jy jou sonde teenoor die Here bely, word jou skuld weggeneem. Hy was jou skoon en jou klere is weer wit soos sneeu. Jesus het reeds vir ons sonde betaal en daarom kan Hy ons reinig van alles wat verkeerd is. Hy het reeds ons skuld gedra. **(1 Joh. 1:9)**

Wanneer ons ons oortredinge bely, kan ons soos Dawid uitroep: Ek het my oortredings bely. Ek het nie my sonde weggesteek nie. Ek het my opstand teen die Here erken. En die Here het my sonde en oortreding vergewe **(Ps. 32:5).**

Ten spyte van Petrus se tekortkominge was hy 'n merkwaardige persoon. Nieteenstaande sy foute, het God vir Petrus gebruik in die oprigting van sy kerk. In die boek Handelinge lees ons van die kardinale rol wat Petrus in die verkondiging van die Evangelie gespeel het. Petrus was die eerste apostel wat die Evangelie op Pinksterdag verkondig het en die Blye Boodskap van Verlossing na ander nasies geneem het.

Moet nooit dink omdat jy 'n sondige mens is, jy nie goed genoeg is om Koninkrykswerk te doen nie. Jou sondes is vergewe. Jy is skoongewas en kan met vreugde aansit aan die bruilofstafel van die Here. Jy is en bly sy kind.

# Hoe behoort ons Goeie Vrydag deur te bring?

Jan Rehder

Goeie Vrydag, as deel van Paasfees, word dwarsdeur die wêreld  as 'n ontspanningsdag deurgebring. Baie mense breek dan vir die langnaweek weg na vakansieoorde, die kus of die bosveld.

> **"Die evangelie staan of val met die boodskap van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus."**

Die vraag ontstaan hoe ons as gelowiges Goeie Vrydag moet deurbring?

'n Gedagte wat dadelik by my opkom, is wat in **Joh. 17:14-16** begrond is, naamlik dat **al is ons as volgelinge van Christus in hierdie wêreld, is ons tog nie van hierdie wêreld nie.**

Histories gesien, het die kerke van die Reformasie sterk daarop klem gelê dat slegs die Sondag as 'n verpligte Christelike feesdag onderhou behoort te word. Sien hierdie aanhaling uit die Provinsiale Sinode van Dordrecht in 1574, artikel LIII: **"... dat men met den Sondach alleen te vreden sijn sal ...", asook die Acta van die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1578, [Cap. IV] artikel XXIII: "Het ware wel te wensschen dat ... de Sondach alleen ghevyert mocht worden ...".**

Die owerhede (Roomse magistrate) van daardie tyd het sekere Christelike feesdae as vakansiedae bepaal waartydens die Roomse Kerk dan dienste gehou het. Op daardie dae wat deur hul kerkgangers bygewoon is, het die lidmate van die Reformatoriese Kerke die dae ledig deurgebring. Om hierdie **"onnutten ende schadelicken ledichganck"** van die protestantse lidmate teen te gaan, het die Nasionale Sinode van Dordrecht (1578) besluit dat die predikante **"met predicatien"** op sulke feesdae die **"ghemeynte leeren sullen"** om die nuttelose en skadelike ledigheid te verander **"in een heylighe ende profytelicke oeffeninghe"** (Acta (Cap. IV] artikel XXIII).




Dit is ook interessant dat Johannes Calvyn en ander Hervormers soos Farel, Vilet, Bucer en Knox baie sterk standpunt  ingeneem het teen die viering van hierdie Roomse feesdae weens die bygelowigheid wat aan hierdie dae gekoppel was. Die Roomse Kerk het probeer om 'n Christelike inhoud te gee aan die Middeleeuse Germaanse kultureel-godsdienstige gebruike. Hier verwys ons bv. na Kersfees as die Germaanse middelwinterfees ter ere van Wodan, terwyl Goeie Vrydag en Paasfees die fees ter ere van Ostera, die godin van liefde (vgl. die Engelse "Easter") moes vervang.

In Nederland het daar met die verloop van tyd 'n geleidelike verandering in die kerklike standpunt ten opsigte van die viering van Christelike feesdae plaasgevind. Van 'n skerp afkeur en veroordeling (Sinode van Dordtrecht – 1574) eertyds tot die kerkordelike voorskrif om naas die Sondag, ook Kersdag, Pase en Pinksterdag oor twee dae te onderhou. Waar owerhede die dag van besnydenis (Nuwejaar) en Hemelvaart van Christus nog verplig het, moes die predikante aandring op verandering.

Die Kerkorde van 1905 het bepaal dat, benewens Sondag, die Kersdag, Pase, Pinkster en Hemelvaartsdag onderhou sal word terwyl die tweede feesdae aan die vryheid van die kerke oorgelaat is.

# Hoe behoort ons Goeie Vrydag deur te bring? (vervolg)



Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) pas in 1964 hierdie beginsel op die onderhouding van al die feesdae toe, omrede onderhouding van die feesdae geen kerklik-prinsipiële aangeleentheid is nie. Dit val immers op die terrein van die kultuur, soos godsdienstige volksfeeste is gesê, waar die kerke self oor hulle roeping en taak kragtens die verweefdheid van kerk en volk kan besin.

**"Kerkorde(KO) Artikel 67 - Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerk oorgelaat ..."**

**"Die persoonlike band met die Here Jesus Christus is die belangrikste band wat mens kan hê ..."**

Volgens bogenoemde KO artikel word die onderhouding van die Christelike feesdae nie verpligtend gemaak nie, maar aan die vryheid van die plaaslike kerke (gemeentes) oorgelaat. Sondag is en bly nog die enigste Christelike feesdag waarvan die onderhouding verpligtend is.

Nou volg dit dat, met alles wat vooraf oor Christelike feesdae gesê is, op welke wyse ons Goeie Vrydag moet deurbring?

Hierdie maand staan bekend as Paasfeesmaand wanneer miljoene Christene regoor die wêreld in plekke van aanbidding byeenkom om die kruisiging en opstanding van Jesus Christus te herdenk, na te dink oor wat hierdie gebeure vir elke Christen beteken, so ook vir die kerk en vir die wêreld waarin gelowiges hulle bevind.


In die vroeë kerk was Paasfees nie 'n langnaweek van persoonlike plesier nie, maar van vas, volhouding in gebed, erediensbywoning en nagmaalviering.

Sonder om 'n afgod van spesifieke feesdae te maak soos waarteen Calvyn gewaarsku het, is die herdenking van die kruisiging vir 'n Christen van baie besonderse belang. Maak nie saak op watter kalenderdag dit sou plaasvind nie. Die evangelie staan of val met die boodskap van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Soos Paulus, onder leiding van God die Heilige Gees, geskryf het:

**"... En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud ..."(1 Kor. 15:14)**

Verder bely ons in die belydenisskrifte in **HK Sondag 16 Vraag 43** as volg:

**"Vraag: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?"**
**"Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie (b), maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).**
**(a) Rom. 6:6. (b) Rom. 6:6, 12; (c) Rom. 12:1**



# Hoe behoort ons Goeie Vrydag deur te bring? (vervolg)

'n Verdere vraag wat met hierdie kwessie verband hou, is of kerkbywoning in die moderne tyd tog nog belangrik is? Ek het mos rus nodig of bietjie ontspanning om van die erge stres ontslae te raak. Ek kan mos oor die internet volg of volgende maand weer 'n draai gaan maak.

Liewe leser, die persoonlike band met die Here Jesus Christus is die belangrikste band wat mens kan hê. Jy word nie gered omdat jy 'n lidmaat is van so of so kerk nie, maar jy moet deur die Heilige Gees weergebore wees en met jou hele hart glo dat Jesus aan die kruis ook vir jou sondes betaal het. Die Bybel leer ons dat die kerk (lees ook gemeenskap van die heiliges of die Bruid van Christus) vir die Here belangrik is en dat dit ook vir ons belangrik moet wees. Kom kyk saam met my in God se Woord na enkele verwysings wat die belangrikheid van God se kerk/gemeente onderstreep:

**Die kerk is die Here se kerk en nie ons s'n nie. Hy het dit tot stand gebring, laat dit groei en onderhou dit sodat geen wêreldse magte dit sal onderkry nie. Matt. 16:18**

**God self bring sondaars tot geloof en maak hulle deel van die gemeente. Hand. 2:47**

**Hy dwing ons om as gelowiges saam te lewe en mekaar se laste te dra. 1 Kor. 12:12-27**

**God rus ons toe met besondere gawes om mede-gelowiges te dien en hulle te versterk in hulle lewe as kinders van die Here. Die proses vind plaas in georganiseerde wyse in die gemeente. Nie individueel, elkeen in sy eie hoekie nie. Ef. 4:11-12**

Buitebybelse geskrifte wys ons dat die eerste Christene as martelare met hulle bloed betaal het vir die besondere voorreg en genade om Jesus Christus te kan volg. In een brief, gedateer 110 n.C., skryf 'n sekere Plyni the Younger aan die Romeinse keiser en vra tot watter mate hy die Christene, wat nie die keiser as god aanbid en eer nie, moet vervolg en straf. Daarin meld hy dat hulle (die Christene) weekliks tydens dagbreek op 'n sekere dag saamgekom het, waartydens gesange gesing is en hulle Christus as God bely het met die woorde: **"He has Risen!"**

Dus het daar reeds sowat 500 jaar sedert die Reformasie verloop en is die saak vir my eenvoudig: Dit sal geen leeglê-dag langs die viswaters wees, of sjokolade paaseiers wat in die tuin weggesteek word nie. Dit sal eerder 'n sober en rustige dag wat ek graag as 'n rusdag, soos 'n Sondag, wil deurbring met die bywoning van 'n erediens wees. Daar kry ek nog geleentheid om tesame met mede-gelowiges God te loof en te prys vir die ongelooflike offer wat die Seun aan die kruis gebring het sodat elkeen wat in Hom glo die Ewige Lewe sal beërwe.

**"... Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: 'Dit is volbring!' Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas ..." (Joh. 19:13)**

**"... wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring ..." (Gal. 1:4)**

# “Ek is die Here jou God”

Carina Pyper

**Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het. (Eks. 20:2)**

**Want so LIEF het GOD die wêreld gehad dat Hy sy enigste SEUN gegee het, sodat elkeen wat in HOM glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe sal hê. God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word (Joh. 3:16-17)**

**“ ... die mooiste mooi is om beklee te wees met die Woord van God ...”**

God het ons ook vandag na die beloofde land uitgelei. Die land van die Ewige Lewe, maar ook van die innerlike vrede terwyl ons nog op die aarde is.

Dis ons (my en jou) God wat ons van die helse slawerny verlos het deurdat hy gely het, gesterf het en opgestaan het. Hy het dit vir ons gedoen om ons van ons sondes te bevry.

Ons lei ons lewe, maar ons is soos die Israeliete van ouds wat in Egipte in slawerny geleef het – ongehoorsaam en ongelowig. Daarom lewe ons vandag steeds in ’n woestynwêreld, al het Hy ons uit die land van slawerny uitgelei deur Sy sterwe en opstanding. Dié vrede wat ons nou al kan beleef, mis ons omdat ons nie doen wat ons moet nie.

Afgesien van swaar en moeilike omstandighede wonder ons waarom ons steeds nie die bevryding ervaar wat vir ons in die Woord opgesluit lê nie. Ons beklee onsself en lees en leef nie uit die Woord soos ons moet nie. Dan wonder ons: “Hoekom lyk die wêreld so?” Dit lyk so omdat ons, soos die Israeliete van ouds, nie gehoorsaam en gelowig luister na God se roepstem nie. Daarom kon so baie Israeliete nie die beloofde land van vrede en oorwinning ingaan nie. Ons is ook nog vasgevang in die aardse lewe.

As ons “in Christus” die uitdagings van die hedendaagse tyd aanpak en elke dag in ’n Geestesverbintenis met Hom leef, behoort ons, ongeag die wêreldse pyn en lyding, ‘n diepe Vrede in ons harte wat alle verstand te bowe gaan te kan koester. ’n Kind is tog vir ons gebore, ’n seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouers. Hy word genoem:
**Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors (Jes. 9:5).**

Wees dapper en sterk, moenie bang wees nie en moenie vir hulle skrik nie, want die Here jou God, Hy is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie (Deut. 31:6). Daarom, die mooiste mooi is om beklee te wees met die Woord van God - dit is LEWE! Nou en môre hier op aarde – en ook hierna.

# Christus se opstanding bring jou in beweging

**~ Artikel na aanleiding van 'n gesprek oor die opstanding van Jesus Christus tussen di. Attie Venter, Christie Roets, teologiese student Brendan Vorster en ouderling Andries Leuschner. ~**

Al die momente in die verlossingswerk van ons Here Jesus waarin Hy versoening tussen God en die gevalle mens bewerk, is 'n onskeibare geheel – van sy menswording tot sy verhoging aan die regterhand van sy Vader.

Daar is twee aspekte rondom die opstanding wat belangrik is: die opstanding en die betekenis daarvan, asook Jesus se verskynings en sy woorde na sy opstanding.

Wat beteken die opstanding vir jou?

As Jesus nie uit die graf opgestaan het nie, was ons die jammerwaardigste van alle mense. In 1 Kor. 15:19 lees ons: **"As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense."**

**"Ons vier dit, want die mag van sonde en die mag van die dood is oorwin."**

Ten opsigte van die liggaamlike opstanding teenoor die geestelike opstanding is die waarheid dat, alhoewel Jesus gesterf en opgestaan het, ons geestelik saam met Hom gesterf en opgestaan het.

Twee goed gebeur hierdeur:

- ons sonde is betaal en
- ons is nie slawe van die sonde nie.

Is die opstanding belangrik en wat is die kerk se rol?

Die kerklike feeste word een maal elke jaar gevier, maar Jesus se opstanding word 52 keer per jaar gevier: elke Sondag – op die eerste dag van die week.

Ons vier dit, want die mag van sonde en die mag van die dood is oorwin. Ons het die belofte van ewige rus ingegaan. Ons lees in Heb. 4:11:

**"laat ons ons beywer om in daardie rus in te gaan."**

Voor die opstanding was die beginsel: Ses dae werk dan rus jy. Nou, na die opstanding spandeer ons die eerste dag saam met God. God vervul ons eers met krag en dan kan ons die week ingaan om te werk. Op die eerste dag kom ons bymekaar om krag te ontvang om God te dien in die week wat begin het.

Na die opstanding het die dissipels telkens op die eerste dag van die week bymekaar gekom en dit was by sulke geleenthede dat Jesus ook saam met hulle was.

# Christus se opstanding bring jou in beweging (vervolg)

1. Wat het Jesus gedoen en wat was Sy opdragte op die opstandingsdag?

Daar is baie beskrywings van wat Jesus gedoen het na Sy opstanding. In Mark. 16: 4 lees ons wat gebeur het toe Jesus aan die elf dissipels verskyn het.

Jesus het:

- hulle verwyt oor hulle ongeloof omdat hulle nie mense wat gesien het dat Hy opgewek is, geglo het nie.
- vir hulle gesê "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal verlos word, maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word."
- ook vir hulle gesê hulle moet eers wag totdat hulle krag gekry het.

Opsommend kan ons dit so stel: Glo, kom dan in beweging en laat julle versterk word.

Jesus het ook aan die Emmausgangers verskyn. Hy het hulle uitgevra, daarna deur skrifuitleg vir hulle die Evangelie verduidelik. Deur sy optrede het hy hulle laat sien en glo in die Evangelie van verlossing wat hulle dadelik in beweging gebring het om met die dissipels te gaan gesels.


Dus:
**1 – praat onder mekaar en met God,**



**2 – ondersoek die Skrif,**



**3 – kom in beweging.**



Watter verandering bring die opstanding dus in jou lewe?

Alhoewel jy sê Jesus lewe, onthou die Duiwel erken dit ook. Die feit dat jy sê dat Jesus opgestaan het, beteken nog niks. Jy moet gló in die opstanding – dit verskuif die fokus.

Christus se opstanding bring mense in beweging.

Bring Jesus Christus se opstanding jou ook in beweging?




# Dopperspele, Hier kom ons!

Thomas Venter

Die Dopperspele vind vanjaar op **Saterdag, 17 Mei 2025**, by Gereformeerde Skool Dirk Postma plaas waar Annlin hul jukskei-oorwinning van 2024 moet verdedig. Die Fontein gesels met Thomas Venter, GK Pretoria-Annlin Dopperspele-organiseerder.

Hoewel wen belangrik is, is dit nie die enigste oogmerk van die Dopperspele nie. "Die feit dat ongeveer 20 gemeentes jaarliks aan dié dag deelneem, bied 'n gulde geleentheid om mense van ander gemeentes te ontmoet en nuwe vriendskappe te smee."

"Om te verseker dat ons gemeente in al die afdelings kan kompeteer, het ons omtrent **30 deelnemers** nodig. Al die spanne moet uit mans en dames bestaan, maar omdat al die sportitems min of meer op dieselfde tyd plaasvind, is dit moeilik om aan meer as een item deel te neem."

**Die volgende sportsoorte is op die spyskaart:**

- **vlugbal (6)**
- **ringtennis (2)**
- **tafeltennis (2)**
- **potspel (2)**
- **veerpyltjies (2)**
- **jukskei (4)**
- **vingerbord (2),**
- **pluimbal (2)**
- **boules (2)**
- **toutrek (6)**
- **Nederlandse bordspel "sjoelbak"**

***Die jukskei begin reeds vroegdag om 07:30 terwyl die ander sportitems teen 08:00 afskop.***




Die Annlin-span sal in grys hemde deelneem. Diegene wat nie hemde het nie, kan by Thomas bestel. 'n Ondersteunersgroep wat deelnemers aanmoedig en lawaai kan maak, is net so belangrik. "Ons het minstens **10 vrywilligers** nodig om die ondersteuningsgroep te stig. Hierdie groep sal natuurlik hul krete en slim sêgoed asook kostuums vir die dag gereed moet kry."

Eetgoed bly nie agterweë nie. "Daar is eet- en drinkgoed te koop wat dit 'n heerlike kuierdag maak waar ons prakties die gemeenskap van gelowiges kan ervaar."
In 2024 was Pretoria-Annlin **derde** met 'n respektabele puntetelling van 51. Rietvallei het gewen met Wonderboom-Suid tweede.

Volgens Thomas sal die spanne eersdaags weer tydens speletjiesaande op Vrydae begin oefen. "Hou die afkondigings en die Fontein vir meer inligting dop."

**Kontak Thomas by 074 049 4434**

# Gereformeerde vroue van Pretoria trek saam

Renate Wannenburg

In Maart is die gebruiklike Susters-saamtrek van gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Pretoria deur Totiusdal-gemeente in die Kerkkompleks van Magalieskruin aangebied. Vroue van dwarsoor Pretoria het die oggend bygewoon, met verteenwoordiging van ons gemeente ook.

"'n Mens kan nie anders as om die dames van Totiusdal-gemeente te bedank vir die reëlings wat hulle getref het om die 2025 Susters-saamtrek moontlik te maak nie. Dit was 'n heerlike oggend vol bederf, maar veral, gelaai met pitkos."

Een van die fokuspunte die oggend was hoe ons as briewe van Christus moet optree.

**"Julle is 'n brief van Christus"**
**2 Kor. 3:3**


In die dae van sendelinge is aanbevelingsbriewe gestuur om mense bekend te stel. Dit was dan ook die rede waarom die gemeente in Korinte die feit dat Paulus daar opgedaag het sonder 'n brief, bevraagteken het.

Paulus bevestig egter in ...

- 2 Kor. 2:14 dat ons oorwonne is in Jesus alleen,
- 2 Kor. 2:15-17 dat ons boodskappers is en 'n geur nalaat,
- 2 Kor. 3:1-4 dat ons 'n brief is, geskryf deur Jesus die outeur, en in
- 2 Kor. 3:5-6 dat ons in onsself tot niks in staat is nie, maar die Here ons bekwaam maak.

Daarom, sê hy, is die gemeente sy aanbevelingsbrief en daarom is ons Jesus se briewe op aarde.

SOLA:
Alleen deur
Sy genade
tot Sy eer!



# Kerkfinansies

| MAART 2025 | | |
|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | *** | *** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** |
| Evangelisasie-bydraes | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** |
| Jeug | ** | ** |
| Studentopleiding: kostes | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | *** | *** |

Vir Maart 2025, het die kerkkas ***
Die lidmaatbydraes vir Maart 2025 was ***

| **Instandhoudinsfonds** | **Maart 2025** |
|---|---|
| *** | *** |

***

# Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

## Willie en Santie Botha

'n Paar weke gelede trek Willie en Santie Botha vanaf Hartbeespoort in Annlin Place in en word so ook deel van ons gemeente. Willie is 'n Nataller van geboorte, maar ondersteun die Cheetahs. Een rede daarvoor is beslis omdat hy Santie in haar tuis-provinsie leer ken het en ook daar met haar getroud is. Hulle het baie kere in hul lewe rondgetrek (seker so 35 keer!), 'n lang tydperk in die ooste van Pretoria (Garsfontein) gebly, alvorens hulle so agt, nege jaar gelede na 'n huisroof Hartbeespoort toe is.

Willie en Santie is net meer as 50 jaar getroud en leef met die werklikheid dat albei hul seuns in die buiteland is. Hul oudste seun, Jacques, is saam met sy vrou en twee seuns in Perth, Australië, terwyl hul jongste seun, HW, saam met sy vrou in Auckland, Nieu-Seeland, bly. Willie en Santie kon al die lang pad na die suide aandurf om by hul kinders te gaan kuier en hou verder via tegnologie goeie kontak met die kleinseuns.



Deel van hul rondtrekkery is deur Willie se loopbaan by "Jou Oom se meubelwinkel" (Joshua Doore) veroorsaak. Hy het 'n paar jaar gelede daar afgetree. Santie is nog op administratiewe vlak aan die werk by die personeelunie van NECSA, die voormalige Pelindaba. Alhoewel sy oor die algemeen van die huis af werk, gaan sy elke week een dag nog kantoor toe om persoonlik met al die mense kontak te kan hê.

Terwyl Santie van geboorte 'n Dopper is, het Willie deur Santie deel van die GKSA geword. Saam het hulle nou deel van ons gemeente geword en vertrou ons dat hulle geleidelik sal tuis raak!

**Mag julle in jul saam-leef met ons al meer leer begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van ons Here Jesus is!**

# Ons leer ken ...

## Piet en Rina van der Merwe



Op Sondag 23 Maart 2025 stap Piet en Rina van der Merwe by ons kerkterrein in ... en beleef die tipiese Annlin-omgee. Carina Pyper sien hulle raak en help hulle om by die konsistorie te kom en tant Annatjie Myburgh, wat onmiddellik hul familie onthou, ontvang sy en so baie Annlin-Doppers hulle vriendelik. Al kom hulle van Nylstroom – waar hulle 34 jaar lank deel was van GK Nylstroom – en al verwag hulle dat die stad se mense afsydig gaan wees, beleef hulle tog die liefde van Christus en voel hulle onmiddellik tuis.

Piet het in die destydse Rhodesië opgegroei, terwyl Rina 'n dogter uit die Brits-omgewing is. Na skool begin Piet by die polisie werk terwyl Rina haar onderwysopleiding by die Normaalkollege Pretoria doen.  Uiteindelik word hulle albei gestuur om in die omgewing van Groenvlei/Matlabas te gaan werk ... en so sorg die Here dat hul lewenspaaie kruis.

Uit hul huwelik is twee kinders gebore: hul seun wat saam met sy twee dogters en een seun in Moreletapark bly en hul dogter wat saam met haar twee seuns in die Paarl bly.

Piet het op 'n redelike jong ouderdom met sy gesondheid begin worstel, wat daartoe gelei het dat hy met vroeë pensioen moes gaan. Hulle trek as gesin na Nylstroom, waar Rina steeds administratief in die polisie gewerk het. Hulle begin hul eie biltongwinkel, wat hulle vir 18 jaar besit het, en intussen byt die Clivia-gogga vir Piet. Hy begin met Clivias boer en net voor hulle Pretoria-toe trek, het hy meer as 4 000 Clivias by hul huis in Nylstroom gehad.

Met die ouderdom wat nader kruip en veral Piet se gesondheid wat soms maar 'n hospitaalbesoek noodsaak, het hulle besluit om nader aan hul seun, en daarom Pretoria, toe te trek. Hulle bly in Zambesi Aftreeoord en beplan om – as die Here dit gee – bietjie te gaan rondtoer.

**Piet en Rina ... welkom in GK Pretoria-Annlin. Mag julle tuiskom en wortelskiet hier in Pretoria, maar veral ook in ons gemeente. Mag ons Here gee dat julle saam met ons al meer na Christus sal groei!**

# Ons leer ken ...

## Henriëtte Mulder



Henriëtte Mulder kom oorspronklik uit die provinsie waar die son opkom, Mpumalanga. Sy het lank in Middelburg gebly voordat sy in Lydenburg gematrikuleer het. Na skool het sy Potchefstroom toe gegaan om haar in die Kommunikasiekunde te bekwaam. Daarna het sy in die Groter Johannesburg-omgewing gewerk en gewoon, voordat sy 'n tydjie weer in Lydenburg by haar ouers was.
Ongeveer agt jaar gelede het sy haar hier in Pretoria kom vestig om as uitleg-kunstenaar by die ICO (Instituut vir Christelike Onderwys) te werk.

Henriëtte is tussen haar eie mense hier in Pretoria, met beide haar pa en broer wat tans hier bly. Haar ma is tydens die tweede COVID-vlaag oorlede, maar was vroeër die kantoortannie by GK Lydenburg. In die tydjie wat Henriëtte weer in Lydenburg was, het sy al haar werksvaardighede diensbaar in die gemeente aangewend met 'n jeugblad wat sy elke week self saamgestel het.

Nadat die woonstel wat sy in die Moot gehuur het, verkoop is, het Henriëtte hier in Wonderboom kom bly. Terwyl sy daarvan hou om self te lees en kreatief te wees deur te skryf, hou ons weer daarvan dat sy saam met ons in die gemeente is!

**Henriëtte, ons sien uit na hoe jy jou gawes ook hier gaan benut en bid dat ons Here jou deur sy Gees sal bly toerus!**

## Bedieningskommissie

Johan Pretorius (Sameroepr) &
Johan Potgieter (Skriba)

Die Bedieningskommissie funksioneer in opdrag van die Kerkraad ten einde om te sien na alle bedieningswerk in die gemeente.

Sake wat deur die Bedieningskommissie hanteer word, sluit onder andere die volgende in:

- Die beroepingsproses wanneer 'n predikant beroep moet word.
- Opstel van die Visie en Missie van die gemeente, sowel as die jaarlikse bedieningsplan.

Die kommissie se opdrag van die kerkraad in die verband is om vanuit die goedgekeurde Missie die diensterreine van die gemeente te bepaal wat ondermeer die volgende insluit:

- Die gemeente se spirituele groei (sodat ons al meer soos Christus kan word)
- Om mekaar pastoraal te kan ondersteun (ons help mekaar om Christus in ons daaglikse lewe te volg)
- Diakonaal (ons diens met gawes wat die Heilige Gees ons gegee het)
- Missionaal (ons straal Jesus in ons daaglikse lewe uit)

Bykomend tot hierdie vier aspekte van die gemeentelike lewe, is daar ondersteunings-groepe wat verantwoordelik is vir administratiewe en logistieke ondersteuning.

Hieruit vloei ons gemeente se bedieningsfokus om saam diensbaar te wees, daarom erken ons as gemeente:

**Ons is saam Jesus se liggaam.**

**Ons is deur sy Gees aan mekaar gebind.**

**Ons is deur sy Gees toegerus om mekaar te bedien.**

**Ons het ons verbind om mekaar te bedien.**

**Beplanning van die jaarlikse gemeentekalender.**

**Geestelike en finansiële versorging van die emeritusleraar en emeritiweduwees van Pretoria-Annlin Gemeente.**

**Sake soos reëlings vir preke wanneer ons predikant met verlof of goedgekeurde af-naweke gaan of aktiwiteite in die breë kerkverband moet verrig.**

**Die kommissie fasiliteer ook onder leiding van die predikant gesprekke tussen gemeentes in klassisverband om hulle verantwoordelikhede teenoor mekaar na te kom.**

**Gesprekke vind ook plaas met buurgemeentes oor die bediening van lidmate in aftreeoorde.**

**Kinderhoekie**



# Vervolgverhaal: Mia se mannewales – Slot

Nicola du Plessis

Toe die son se laaste strale verdwyn, gaan ek en my ma na die motorhuis en dra die ruimteskip na die grasperk toe. Ek sit die kospakkie wat ek vir die ruimtewese gemaak het in sy nuwe skip.

"Dankie," sê die mannetjie. Hy waai vir ons en klim dan in sy ruimteskip. Die deur gaan toe. Ek kan hoor hoe hy knoppies binne verstel. Dan begin die skip van die grond af opstyg. Daar is 'n helder ligflits en dan is hy weg ... asof hy nooit daar was nie.


Ek lê later die aand in my bed en dink oor die dag se gebeure. Dis darem maar lekker om 'n wetenskaplike vir 'n ma te hê, dink ek. Wat almal anders as onmoontlik beskou, sien sy bloot as 'n nuwe uitdaging. Ek sluimer met 'n glimlag om my mondhoeke in.


Die volgende oggend vlieg ek uit my bed en trek blitsig my skoolklere aan. Op pad by die deur uit onthou ek van die ruimtewese.

Skielik voel alles net soos 'n droom. Ek draai om en bekyk my tekkie. Dit makeer niks. Dan sien ek 'n klein merkie op die sool. Ruk jouself reg, Mia, daar is nie iets soos aliens nie. My ma roep my om te gaan eet. Ek sit my skoen neer en draf by die trappe af.

Ek loop deur die skoolhek, reg vir graad ses. My oog vang iets wat in die sonlig blink. Ek het al te veel flieks gekyk om nie die voorwerp te herken nie. Hoekom kry ek nou die belaglike idee dat daar dalk iets soos aliens is? En ek begin teen my beterwete nader loop ...

**DIE EINDE**






**Kleuterpret**

# Inkleuprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Kleur dan die prentjie in, en kom plaas dit op die kennisgewing bord in die voorportaal by die kerk!






Uitgegee deur die Deputate Jeugsorg www.gkjeug.co.za


## Jongmensjolyt

# Aktiwiteit

Kom ons leer die beryming verder! Nadat jy die verse mooi gelees het en onthou, volg die simbole as leidraad om jou van die huisie tot by kruis te bring! Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak!









**Skrifberyming 5-1: 4, 5**

**Die Kruiswoorde**

**Middagklare son word _____; deur die duister noodgeskrei**

**"O my God my God en Helper waarom tog _____ U My?"**

**Jesus sink na sware _____ in die dubb'le donkerheid.**


**In 'n wêreldwye _____ met 'n brandend-droë bors**

**roep die Heer van alle dinge _____: "Ek het dors!"**

**En hul het Hom in sy wee edik uit 'n _____ gegee.**

**Die simbole verteenwoordig een van die ontbrekende woorde:**

- **spons**
- **stryd**
- **duister**
- **dorheid**
- **verlaat**
- **Skrifvervullend**



## Jou Ouderling ... Geestelike lewensgids ... Bid vir hom!

Ek en jy is dankbaar vir voorgangers/ouderlinge van wie die dominee in die Hebreërpreek praat (Heb. 13:17). Ouderlinge is genadegeskenke aan die gemeente van ons Here Jesus Christus.

Getroue dienaars!
Hierdie leiers/voorgangers is wettig deur die Here en gemeente geroep as dienaars van Christus Jesus (Fil. 1:1) om te waak oor die kudde/gemeente onder leiding van die Heilige Gees (Hand. 20:28).

Daar in jou huishouding waar jy intiem met die Groot Herder saamleef en Sy hande vat, moet ons plek maak, ruimte skep vir die ouderling wat jou graag verder wil bedien (1 Tim. 3:1). Maak jou huis en hart toeganklik vir hom. As hy 'n afspraak maak, wees bly en opgewonde om jou ouderling te ontvang – hy kom immers met sy gebreke in die Naam van die Here.

Ek en jy het geestelike versorging/leiding nodig om vaster te hou aan Jesus wanneer ek in my binnekamer huil, twyfel, opgewonde is oor genade, worstel, troos nodig het, en ... al moet ek selfs toelaat om sagkens vermaan te word in die liefde van ons Here.

Jou ouderling kom in opdrag van die Here met Die Bybel, aangespoor en voorbereid deur die Heilige Gees om **"lewensgidse wat geestelik sorg"*** vir jou en my te wil wees.

(Tit. 1: 6-9 en 1 Pet. 5:1-4)

Hy wil jou geestelike gids wees om jou te lei in selfondersoek en knielend te bring tot die heilige nagmaal om daar geestelik versterk te word deur die offergenade van Jesus (1 Kor. 11:23-29).
Die ouderling skilder met inspirasie in jou gedagtes die heilige waarheid:
**"Dis Jesus aan die kruis, maar met my gesig! Dis Jesus, maar met my sonde! Dis Jesus, maar dis my hel!" (Aanhaling ontleen uit GK Dagstuk 27 Mrt. 2025)**

Onthou, jou ouderling moet rekenskap gee, verantwoording doen oor sy dienswerk om toe te rus tot opbouing van die liggaam van Christus (Heb. 13:17).


**"Stap die pad wat jou lewensgids aandui!"***

Jou ouderling het jou nodig! Dink aan jou ouderling in jou gebede! (Heb. 13:17) Hierdeur word jou ouderling bewus van jou teenwoordigheid in sy dienswerk, bewerk deur die Heilige Gees. Hy word dan nie geestelik moeg nie. Jy help jou ouderling om vas te hou aan ons Here Jesus Christus met albei hande om vir Hom, tot Hom en met Hom heilig en met oorgawe die bruidsgemeente van Jesus te versorg!
Jesus het in Joh. 17 gebid vir die dissipels en die beskerming teen die Bose sodat hulle die onderlinge gemeenskap met God en mekaar kan behou. Wat 'n wonderlike genade en wete my Hoëpriester bid voortdurend vir elke ouderling! Watter voorreg!

**"Beleef voordeel wanneer (jou) lewensgids (ouderling) bly is"***

*Aanhalings uit preek van ds. Kurpershoek, Maart 2024

Dirk Coetzee




## Donasies vir motorfiets

Liewe Broeders en Susters wat in Christus glo en die waarheid liefhet. Ek lees vanoggend die 3de brief van Johannes en verse 5-8 tref my waar Johannes aan Gaius skryf:
**"Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie ... Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."** (2020 Vert. vers 8: **"... sodat ons medewerkers van die waarheid kan wees.")** Ek het gedink aan Annlin-gemeente wat vir Pastor Samuel Pedro wil help om 'n goeie voertuig te bekom soda hy die Evangelie in die noorde van Mosambiek onder moeilike omstandighede en bykans onbegaanbare paaie kan gaan verkondig!

My opregte gebed is dat God, die Heilige Gees, ook elkeen van ons se harte sal rig en lei om te help met die aankoop van die motorfiets, sodat elkeen van ons ook medewerkers kan wees in die verkondiging van die Evangelie onder die heidennasies en onbereikte dele van die wêreld!
U suster in Christus,

Annatjie Myburg

**"Met groot dankbaarheid teenoor die Here kan ons nou bekendmaak dat ons met die R29 700 wat ons lidmate bygedra het, nou kan voortgaan met die aankoop van die motorfiets vir pastor Samuel. (Red.)"**



## Het jy geweet?

Magda du Toit


# Pasga

In die Ou Testamentiese tyd is die Pasga gehou om die volk te herinner aan die tyd toe die Here hulle uit Egipte uitgelei het (Lev. 23:5-6). 'n Lam is in elke huis geslag as herinnering aan die bloed van die lammers op die deurkosyne in Egipte sodat die doodsengel daardie huis moes oorslaan. Die Hebreeuse woord **"pesach"** wat **"verbygaan"** beteken, is die oorsprong van die Griekse woord **"pascha"** waaruit die naam Paasfees afgelei is. Die ongesuurde brode wat gemaak is, moes die mense herinner aan die haas wat daar was om te trek – die deeg het nie kans gehad om nog eers te rys voordat die brood gebak is nie (Eks. 12:11). Deut. 16:1-8 het voorskrifte gegee van hoe die Paasfees gevier moes word.

In die tyd van die Nuwe Testament was die Paasfees 'n groot geleentheid. Die mense het van heinde en verre na Jerusalem gereis.

Die betekenis van die Paasfees wat ons vandag vier, kom na vore uit Paulus se woorde: **"... want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus"** (1 Kor. 5:7) en daarmee verwys hy na die kruis waaraan Jesus Christus as die ware Paaslam sou sterf. God het op 'n dramatiese en duidelike wyse tussenbeide getree om sy volk uit Egipte te red. **Net so het God ook op 'n wonderbaarlike wyse ingegryp en sy Seun Jesus Christus aan die kruis vir ons laat sterf om ons te verlos uit die ewige ballingskap en dood.**





# Ou Testament ramshoring

Een van die oudste blaasinstrumente wat in die geskiedenis opgeteken is, is die Joodse horing, wat ook die sjofar genoem word. Hierdie uitgeholde ramshoring het harde, deurdringende klanke voortgebring. Die Israeliete het die sjofar gebruik om manskappe op te roep wanneer hulle oorlog gaan maak het en ook om die troepe aan te spoor. Die ramshoring het ook 'n belangrike rol in die Israeliete se godsdiensbeoefening vervul. Die horing of sjofar kan egter net twee basiese note lewer. Met uitsondering van die lier, word daar sowat twee keer meer na ramshorings verwys as na ander instrumente. Eks. 19 beskryf God se teenwoordigheid op Sinaiberg – die volk mag nie aan die berg geraak het nie, maar wanneer die ramshoring geblaas het, mag hulle die berg uitgeklim het. In Ps. 47 word die feestelike optog na die tempel toe beskryf terwyl die ramshoring blaas.

In die tyd van die Israeliete is ramshorings geblaas:

- Om die Here te loof (Ps. 47:6).
- Tydens die ramshoringfees en die aankondiging van die jubeljaar (Lev. 23:24 en 25:9).
- Tydens sekere offers in die tempel (2 Kron. 29:26).
- Toe die ark na Jerusalem gebring is (2 Sam. 6:15).
- By ander feesgeleenthede (2 Sam. 6:15 en 1 Kon. 1:34).
- As waarskuwing dat daar 'n vyand kom of ander onheil dreig (Hos. 5:8, Jer. 6:1 en Eseg. 33:6).
- Om die volk tot oorlog op te roep (1 Sam. 13:3 en Jer. 42:14).
- En by nog baie ander feeste en geleenthede.

**Ander verwysings vind ons in:**

- **Jos. 6:4, 5, 6, 8, 9, 13, 16, 20, 22**
- **Rig. 3:27, 6:34, 7:8, 16, 18-20, 22**
- **2 Sam. 2:28, 6:15, 15:10, 18:16, 20:1, 22**
- **1 Kon. 1:34, 39, 41**
- **2 Kon. 9:13**
- **1 Kron. 15:28**
- **2 Kron. 15:14**
- **Neh. 4:12, 14**
- **Job 39:24, 25**
- **Jes. 18:3, 27:13, 58:1**
- **Jer. 4:5, 19, 21, 6:1, 17, 51:27**
- **Hos. 5:8, 8:1**
- **Joël 2:1, 15**
- **Amos 2:2; 3:6**
- **Sef. 1:16**
- **Sag. 9:14.**


NAGMAAL
Onthou die Nagmaalserediens van 17 April om 18:00 in die kerkgebou.
GEMEENTE-ETE
Daarna eet ons as gemeente weer saam in die kerksaal.
STILLE WEEK


ANNLIN SENIORETE
Al ons lidmate 70 jaar en ouer word hartlik uitgenooi om heerlik na kerk saam te kom kuier en eet.
Datum: 18 Mei 2025
Tyd: 11:00
Plek: Kerksaal
Knoop die datum vas!

# Gereformeerde kerk Pretoria-Annlin

## 60 jaar van Genade en Diens!

GK Pretoria-Annlin het die voorreg om DV **16 Oktober 2025** haar 60ste jaar van Genade en Diens in ons Here Jesus Christus te vier!





Saterdag **18 Oktober 2025,** word die feesdag gehou en Sondag **19 Oktober 2025** 'n erediens om hierdie 60ste bestaansjaar te huldig.



Alle oud-lidmate asook alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die naweek saam met ons fees te kom vier!

Vir meer inliging, skakel met die kerkantoor:

kerkkantoor@annlin.co.za 079 162 3453 012 567 1492

# Blokadvertensies







Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: